Ephesians 1:4,5 (Amp)
Even as [in His love] He chose us [actually picked us out for Himself as His own] in Christ before the foundation of the world, that we should be holy (consecrated and set apart for Him) and blameless in His sight, even above reproach, before Him in love. *[5]For He foreordained us (destined us, planned in love for us) to be adopted (revealed) as His own children through Jesus Christ, in accordance with the purpose of His will [because it pleased Him and was His kind intent]*

Ephesians 5:26
To purchase the freedom of (to ransom, to redeem, to atone for) those who were subject to the Law, that we might be adopted and have ***sonship*** *conferred upon us [and be recognized as God's sons].*

OPENBAAR AS SEUN
Wanneer ons gebore word in God se huis, is selfs die engele in die hemel baie bly. Die doop is 'n openbare verklaring en feesviering van so 'n geboorte.

1 Petrus 3:20,21
Dit is hulle wat aan God ongehoorsaam gebly het toe Hy groot geduld met hulle aan die dag gelê het in die tyd toe Noag die ark gebou het. Net 'n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered. *[21] Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie 'n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus.*

Die doop is ook die begrafnis van die ou mens, sowel as 'n OPSTANDING van die NUWE MENS.

Romeine 6:3,4
Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? *[4]Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.*

Ons aanneming bring 'n einde aan die ou mens – die ou mens se gewoontes, die ou mens se siektes en tekortkominge. Binne God se huis, is jy 'n nuwe mens, 'n seun en mede-erfgenaam. Die vyand kan jou nie meer herinner aan jou ou gewoontes en sondes nie omdat die mens wie se gewoontes en sondes dit was nie meer leef nie. Verder het die vyand geen reg meer om jou aan te kla by God nie – hy het sy plek as aanklaer lank reeds verloor.

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.

GELEI DEUR DIE GEES
Romans 8:14
For all who are being led by the Spirit of God, these are sons of God.

Romeine 8:1-9
Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. *[2] Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.* *[3] Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel.* *[4] Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.* *[5] Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.* *[6] Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede.* *[7] Die dinge waarmee die sondige natuur van*

die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie. [8] *Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie.* [9] *Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.*

'n Seun van God word nie meer deur die vlees gelei nie maar deur die Gees van God. In die vlees voel ons nooit goed genoeg om seuns van God genoem te word nie. Ons voel altyd of ons tekort skiet en of ons te min doen. Wanneer ons in die Gees leef, besef ons dat ons vanuit 'n onverganklike saad weer gebore is en dat Christus die prys vir ons sonde betaal het en dat God ons as Sy kinders aangeneem het vanuit Sy groot genade. Die Gees van God is ook ons Chaperone of Leermeester en met Sy hulp groei ons in die Kennis van ons Vader en Sy Koninkryk.

GROEPBESPREKING

- Lees die verhaal van die verlore seun saam in Lukas 15:11-33. Wie was die slawe, die kinders die seuns? Wie het die mentaliteit van 'n slaaf gehad? Hoe het die Vader die jongste seun terug ontvang?

- Lees Galasiërs 4:7 en Johannes 8:35 in verskillende vertalings en memoriseer die skrifgedeeltes in jou gunsteling vertaling.

PERSOONLIKE TOEPASSING

Het jy jou al laat doop en daardeur in die openbaar verklaar en gevier dat jy seun van God is? In watter areas van jou lewe het jy nog die mentaliteit van 'n slaaf of selfs 'n kind?

GEBED

Bid vir mekaar – dat elke persoon as seun van God in die Gees sal leef en nie in die vlees nie.

WEEK 2

KONNEKSIE

Elke gesin het 'n unieke manier van dinge doen. Watter interessante dinge kan jy uit jou kinderdae onthou wat eie was aan julle gesin? Indien jy getroud is, wat was daar wat jou man/vrou totaal anders gedoen het as wat jy gewoond was?

WOORD

Ons het verlede week gesien dat die verhouding wat 'n slaaf met sy eienaar het, so beperk is. 'n Slaaf onder andere woon nie in dieselfde huis as sy eienaar nie en het dus ook beperkte toegang tot sekere vertrekke in die huis. 'n kind daarenteen het vrye toegang.

Johannes 8:35
'n Slaaf bly nie vir altyd by 'n huisgesin nie; 'n seun bly vir altyd.

Kinders verskil in sekere opsigte egter nie van slawe nie omdat hulle nog nie by 'n plek is waar hulle eienaarskap en verantwoordelikheid neem vir dit wat aan die Vader, en dan ook aan hulle as erfgename, behoort nie.

Galasiërs 4:1
Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles;

God het ons nie gemaak en beplan dat ons slawe moet wees nie. God verlang dat ons kinders in Sy huis te wees – kinders wat groot word en opgroei tot SEUNS, mede-erfgename saam met Christus.